# Hemelvaart dag



**2022-05-26 AGS Rayton**

## Inleiding

40 dae na Paas Sondag

Jesus het aan baie verskyn in hierdie tyd

Bevestig Hy het waarlik opgestaan.

**JESUS LEEF !!**

**1Kor 15:4 en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte;**

**1 Kor 15:6 Daarna het Hy verskyn aan oor die vyf honderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het.**

## Skriflesing

Luk 24:49  En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.
Luk 24:50  En Hy het hulle uitgelei tot by Betánië. En Hy het sy hande opgehef en hulle geseën.
Luk 24:51  En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem.
Luk 24:52  En hulle het Hom aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydskap.
Luk 24:53  En hulle was gedurig in die tempel en het God geprys en gedank. Amen.

## Skriflesing

**Hand 1:1**  Die eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het  :2  tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het;   :8  maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.  :9  En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. :10  En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, :11  wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

## Jesus groet sy dissipels en gee instruksies

Jy gee of kry instruksies
- Praat oor die tyd en kuier (Luk 24:44-47)
- Moet belowe om kontak te hou (Joh 16:13) (Hand 1:8)
- Ons praat oor die volgende kuier (Joh 16:16) (Hand 1:11)

## Jesus seën sy dissipels



Luk 24:50

## Jesus moes gaan om weer terug te kom



JESUS KOM WEER !!

## Ons moet besig gevind word

Hand 1:11 wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

## Ons moet besig wees met aanbidding

Luk 24:52 En hulle het Hom **aanbid** en na Jerusalem teruggegaan met **groot blydskap**.
Luk 24:53 En hulle was gedurig in die tempel en het God **geprys en gedank**. Amen.

**Hoe dien jy die Here ?**

## Jesus se woorde

**Joh 14:1** Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. 2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. :3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. :4 En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle. 5 Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken? :6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. :7 As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. :8 Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. :9 Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?

